

Badenhorst v Badenhorst **2005 2 SA 253 (K); 2006 2 SA 255 (HHA)**

Herverdeling van bates ingevolge artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979 – trustbates en herverdeling – gelykopverdeling word nie toegepas nie

1 Inleiding

Die oogmerk is om na die beslissing van die hof *a quo* asook na dié van die Hoogste Hof van Appèl te kyk. Dit is interessant om reeds nou te vermeld dat die herverdelingsdiskresie wat die hof ingevolge artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding (70 van 1979) (hierna “die Wet”) besit, in die laaste paar jaar weer toenemend in hofuitsprake sy verskyning gemaak het. In die bespreking sal daar sydelings hierna verwys word. (Vir meer besonderhede hieroor sien oa Van Schalkwyk “Herverdeling van bates ingevolge Artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979: Het ons ’n nuwe uitgangspunt/benadering?” 2006 *De Jure* 632–644.)

2 Feite

Die partye is met mekaar op 1981-12-19, ingevolge ’n voorhuweliks-kontrak, buite gemeenskap van goed met uitsluiting van alles getroud. Vier kinders, waarvan almal tydens die hofverrigtinge nog minderjarig is, is uit die huwelik gebore. Die partye het ’n ooreenkoms rondom die bewaring en onderhoud van die kinders bereik. Die geskil waaroor dit in hierdie saak gaan, is die teeneis van die verweerderes (appellant in die Hoogste Hof van Appèl) vir ’n herverdeling van bates en onderhoud vir haarself.

Die verweerderes bring die volgende teeneise ([3]):

- (a) Sy eis R1 000 onderhoud per maand vir haarself tot haar dood of hertroue.
- (b) Sy vra ook vir ’n verklarende bevel dat die plaas Jubileeskraal (JC Badenhorstrust) en die bates van die Jubileustrust deel van die eiser se boedel vir herverdelingsdoeleindes in terme van artikel 7(3) van die Wet is.
- (c) Sy eis dat sy in terme van die herverdelingsbevel in terme van artikel 7(3) op 50% van die netto waarde van eiser se boedel geregtig is, waarby die bates vermeld in (b) ingesluit is.

Eiser (respondent in die Hoogste Hof van Appèl) en verweerder het met hulle troue op die plaas Jubileeskraal gaan bly. Hier het hulle gewoon en gewerk en ook hulle kinders versorg totdat verweerderes die plaas gedurende November 2002 verlaat het. Die plaas het aan eiser se ouers behoort en toe eiser se moeder in 1991 sterf, het eiser se vader die JC Badenhorstrust geskep en die plaas daarin oorgedra ([6]). Die boedel van die partye sien soos volg daarna uit: Eiser se bates beloop R1 892 093 terwyl die boedel van verweerderes R978 320 bedra. Die netto bates van die Jubileustrust is R3 534 220 ([12]). Die waarde van die plaas Jubileeskraal is meer as R3 miljoen.

3 Hof a quo se Beslissing

Die hof maak sekere bevindings en beslissings wat ek verder toelig.

3 1 Verklarende Bevel met betrekking tot die Bates van die Trusts

Die verklarende bevel met betrekking tot die plaas Jubileeskraal wat in die JC Badenhorstrust opgeneem is, verklaar die hof, is nie deel van die bates van die eiser nie ([24]). As rede word aangevoer (259D–G):

“The argument that the plaintiff and the defendant are entitled to Jubileeskraal farm is fallacious. It amounts to the abuse of the generosity displayed by the plaintiff’s parents to the couple. All indications are that the parents of the plaintiff wanted to give him and his wife, the defendant here, some start in life. While the evidence at my disposal shows that the litigants here were not given hard cash up front, they were given sufficient assets to enable them to have access to cash immediately . . . When the defendant referred to ‘ons eie kapitaal’, she referred to funds so accessed . . . She left me with an irresistible impression of greed . . . Suffice it to say that Mr *De Villiers* [regsverteenvoorder van verweerder] saw some light at the end of the day that her persistence here was untenable.”

Die hof verwerp ook die aansoek dat die Jubileustrust deel van die bates van die eiser vorm. Die hof bevind dit na aanleiding van die feit dat hierdie trust ’n onafhanklike entiteit is en nie die *alter ego* van die eiser is nie (260B) en ook dat, desnieteenstaande die wye magte wat die eiser as trustee verkry het, hy dit nie misbruik het nie en ook nie die trust gebruik het om die boedels van die partye te benadeel nie (260F–G).

3 2 Teeneis vir 50% van die Netto Bates van Eiser

Die teeneis vir 50% van die netto bates van die eiser word ook verwerp. Nadat die hof wys dat ’n herverdeling alleen beveel word, indien die hof oortuig is dat dit billik en regverdig is (260I, vgl ook die bepaling van a 7(4) van die Wet), verwys die hof na die standpunt van eiser dat verweerderes slegs na die kinders omgesien, die huishouding behartig en gaste onthaal het (261C). Hierop antwoord die hof in die volgende woorde (261C–G):

“This approach opens itself to criticism. By this I mean I would be failing in this matter if I were to limit the defendant’s contribution to those referred to by Mr *McClarty* [regsverteenvoorder van eiser]. For that matter this is not even the approach the Courts should adopt. Apart from the inherent pitfall

in it, the temptation is great to label it as a stereotype and anachronistic. It predetermines a woman's role in a matrimonial set-up regardless of her actual contribution. To this extent I find the following passage from the judgment of Colridge J instructive in *H-J v H-J* [2002] 1 FLR 415 which reads: '... In this case, it is sufficient as I find, to record that both husband and wife each made their full and equal contribution in their respective roles within this long marriage. The family has been financially successful and the job of raising any children and looking after various homes has also been successful. The role of the husband has been predominant in the financial success and, as I find the role of the mother and the wife was predominant in keeping house and raising the children. Any further distinction is, in my judgment, impossible to draw on the evidence.'

[32] I take a somewhat similar approach to the one above in this case in saying that the success of the plaintiff in his business venture has been interlinked to the success of the marriage."

Aansluitend by wat so pas aangehaal is, vermeld die hof (262B–263A):

"[34] Contribution to matrimonial estate is not limited to monetary contribution . . . the Court must take cognizance of the fact that a myriad of factors constitutes contribution, ie mutual respect, caring, maintaining the matrimonial home, looking after and raising the offspring of the marriage, tolerance of each other and rendering of labour are but some factors that come into the equation. The respective parties will no doubt have dominant roles on certain aspects in life but that is not the end . . . In short, the Court will not compartmentalise each party's contribution in assessing it. But it is fair to say each of the parties had his or her fair share in the growth of their respective estate. Although they were married out of community of property, the way they grew their respective estates was as though they were married in community of property.

[35] . . . At the same time I am aware that the plaintiff's estate is comparatively larger than that of the defendant, with whom he started from a clean slate . . . It seems to me that what underlies the clean slate principle is that the matrimonial estate under consideration, being what it is along the lines I have alluded to above, should not be skewed at the time of the divorce that the claimant should cry foul . . . The scale, on the facts before me, is heavily tilted in favour of the plaintiff. That would indicate that the plaintiff has benefited more from their joint labour as opposed to the defendant. This conclusion I arrive at in the absence of any other explanation. The defendant's estate net value is half of that of the plaintiff. Surely this should lead me to the conclusion that it is not just and equitable to leave her with the burden of being a mother, live with the children and be in full-time employment and yet start from a heavily skewed asset base. On the facts before me I must try and balance the scales as far as possible so that the parties are almost on equal par."

Die hof beveel dat eiser R400 000 aan verweerderes betaal (263A–B). Hierdie bedrag saam met haar eie boedel, beloop dan 'n gesamentlike bedrag van R1 378 320, terwyl die boedel van die eiser, na aftrekking van die R400 000, R1 492 093 is. As hierdie syfers met mekaar vergelyk word, dan gee dit uiting aan die woorde van regter Ngwenya dat "[o]n the facts before me I must try and balance the scales as far as possible so that the parties are almost on equal par" (263A). Hierdie uitgangspunt of invalshoek stem, myns insiens, ooreen met die benadering wat die hof in

Childs v Childs (2003 3 SA 138 (K) 141H-I) gevolg het, naamlik, dat die bates gelykop tussen die partye verdeel word, tensy daar omstandighede/redes aanwesig is wat 'n ander verdeling regverdig. (Sien ook *Bezuidenhout v Bezuidenhout* 2003 6 SA 691 (K). Die volbank in *Kirkland v Kirkland* [2005] 3 All SA 353 (K) en appèlregter Van Heerden in *Buttner v Buttner* 2006 3 SA 23 (HHA) ondersteun ook hierdie benadering, desnieteenstaande die uitspraak in *Beaumont v Beaumont* 1987 1 SA 967 (A) wat enige vorm van vaste riglyn ontken en wat in *Bezuidenhout v Bezuidenhout* 2005 2 SA 17 (HHA) gehandhaaf word. Sien die bespreking van hierdie sake deur Van Schalkwyk 2006 *De Jure* 632–644. Sien egter die bespreking van Sonnekus “Herverdelingsdiskresie by egskeiding – die wiel draai na klem op bydrae” 2005 *THRHR* 671 veral pars 6 en 9 waar hy met verwysing na gesag, aantoon dat die Engelse benadering van gelykopverdeling beslis nie, soos dit in oa *Childs* voorgehou word, outomaties toepassing vind nie.) Die benadering van gelykopverdeling steun op die beginsel dat dit diskriminasie tussen die gades op grond van hulle verskillende rolle/funksies/bydraes uitskakel. Dit is my beskouing dat die hof in die saak onder bespreking, 'n gelykopverdeling voorstaan, desnieteenstaande dat die hof uit die aanhaling hierbo uitdruklik vermeld dat sy bevinding/gevolgtrekking op geen ander verduideliking berus nie.

Dit verdien ook vermelding dat die hof bevind dat die gewone gemeenregtelike verpligtinge wat gades teenoor mekaar het en wat deel uitmaak van die *consortium omnis vitae*, net soos in die *Beaumont*-saak, as bydraes in terme van artikel 7(4) kwalifiseer.

3 3 Teeneis vir Onderhoud vir die Verweerderes

Die hof maak geen bevel ten aansien van die onderhoudseis wat verweerderes vir haarself ingestel het nie.

4 Hoogste Hof van Appèl se Beslissing

Die Hoogste Hof van Appèl wys daarop dat die enigste aspek wat vir appèl ter sprake kom, is of trustbates in aanmerking geneem mag word by 'n aansoek om herverdeling van bates ingevolge artikel 7(3) van die Wet. Hierdie aangeleentheid word vervolgens verder bespreek.

4 1 Verklarende Bevel met betrekking tot die Bates van die Trust

Die hof *a quo* het bevind dat die bates van die Jubileustrust nie deel van die eiser (nou respondent) se boedel vir herverdeling van bates ingevolge artikel 7(3) van die Wet vorm nie (Vgl hierbo 3 1). Hierdie beslissing van die hof *a quo* word deur die Hoogste Hof van Appèl as “. . . a clear misdirection” (262F) verwerp. Die rede hiervoor word deur Combrinck WAR as volg verwoord (260I–261A):

“To succeed in a claim that trust assets be included in the estate of one of the parties to a marriage there needs to be evidence that such party controlled the trust and but for the trust would have acquired and owned the assets in his own name. Control must be *de facto* and not necessarily *de iure*.”